Borduurmasjienwerk 2025 – 2026

# Trapunto-tegniek

## Hoof Tema

- Maak enige voltooide artikel met jou borduurmasjien waarvan die "TRAPUNTO – TEGNIEK" die hoof tema is.
- Trapunto is 'n Italiaanse term vir kwiltwerk wat 'n hoë relief ontwerp gee en mooi opgehewe voorkoms.

## Punteskaal:

- **Voorkoms – 50%**
  Beplan deeglik aangesien die "Trapunto tegniek" die hooftema van die projek moet uitmaak. Let ook op na die balans, keuse en gebruik van die ontwerp, tekstielstof, garing en stabilisering en ook die aanbieding daarvan.

- **Werksgehalte – 50%**
  Hou in gedagte die steekgehalte, spanwerk of stabilisering, afwerking en stikwerk bo en onder.

## Ontwerp:

- Maak gebruik van n goeie kwaliteit motief wat spesiaal bedoel is vir "Trapunto". Daar is geen voorskrifte van waar die motief vandaan mag kom nie (aangekoop, self ontwerp, vanaf Internet of kombinasies daarvan).

  - Maak goed gebruik van kleurwaardes en balans.
  - Werk springdrade weg. Dit mag nie sigbaar wees of lostrek nie.
  - Let op goeie steek kwaliteit (digtheid en spanning).

## Bo-laag Materiaal:

- Dit is nie beperk tot net 100% katoen nie. Fluweel of Sy voeg ekstra dimensie tot die Trapunto ontwerp.

## Watteersel:

- Daar is verskillende opsies om mee te oefen:
  1. Gebruik 1 laag dun kwilt watteersel (Needlepunch of 100% katoen). Voeg daarna nog 1 of 2 lae by vir dimensie.
  2. Gebruik 1 laag dun 'Needlepunch' watteersel eerste en daarna n dikker watteersel vir dimensie.

## Stabiliseerder:

- Wegskeur stabiliseering word aanbeveel. Alle papier moet aan die einde verwyder word.
- Daar is n voorstel op internet om 'NO SHOW MESH' as stabiliseerder te gebruik. Dit is n baie dun 'lap' wat in die projek bly. 'n 100% Katoen kwilt lap as ruglap kan in die plek van stabiliseerder gebruik word, met dieselfde kleur gare bo en onder. Die verwydering van die afskeur stabiliseerder versteur soms die steke en dis ook n baie tydsame taak om die 'klein stukkies' papier tussen die steke te verwyder. Afskeur stabiliseerder is wel 'n stewiger vorm van stabiliseerder.

## Ruglap:

- 100% Katoen is n goeie keuse agv die stabiliteit en digtheid van die weef maar bly jou keuse afhangende van die tipe projek.

## Skêr:

- ‘n Appliek ‘gekurfde’ punt of ‘duckbill’ skêr word aanbeveel sodat jy nie die steke of agterlap raaksny nie.

## Naald en gare:

- No. 90 kwilt naald is n goeie begin punt. Neem in gedagte die dikte van die watteersel en die tipe bolaag materiaal. Stel die spoed van die masjien stadiger om sodoende beter gehalte steke te verkry.
- Gebruik goeie borduurgare. Besluit of jy hou van n ‘kleur op kleur’ motief en of jy kontras wil inbring. Let op dat die bo-gare onder toe trek.
- Hierdie tegniek kan gebruik word vir baie interessante projekte soos kwilt blokke, pot houers, kussingoortreksels, sakke, kersversierings of kerskouse en baie meer. Maak gebruik van die Internet vir idees en ook die volle Trapunto borduur proses.



